

Die volgende aanlyn artikel het op 24 Februarie 2022 op die LitNet webwerf verskyn:

Johan Combrink-gedenklesing 2022: 'n Postpandemie kultuur

Deur Jean Oosthuizen



Chareldine van der Merwe, Louise Combrink en Amanda de Stadler, voormalige uitvoerende hoof van Vriende van Afrikaans.



Louise Combrink



Marlene le Roux

Die uitvoerende kunste bied belangrike sleutels om weer menswaardigheid te ontsluit in 'n postpandemiese Suid-Afrika.

So het Marlene le Roux, uitvoerende hoof: Kunstekaap en voorsitter van die ATKV-MSW-direksie tydens die 18de Johan Combrink-gedenklesing in Stellenbosch gesê. Die tema van vanjaar se lesing was: 'n Nuwe plek in die kuns- en kultuurwêreld.

Die lesing, wat elke jaar deur die Vriende van Afrikaans onder die vaandel van die ATKV aangebied word, is vanjaar vir die eerste keer ook virtueel in die buiteland uitgesaai. Hierdie jaar het die klem op menswaardigheid geval.

Johan Combrink is in 1999 op die betreklik jong ouderdom van 60 jaar oorlede. Vanjaar sou dit sy 83ste verjaardag gewees het. Sy vrou, Louise Combrink, en al drie sy kinders, van wie een in Brittanje woon, het vanjaar se lesing bygewoon.

Le Roux het in haar huldeblyk aan Combrink gesê in die tyd waar die Covid-pandemie die dood vir ons kom beklemtoon het, is dit belangrik om mense se bydraes, werk en nalatenskap te erken.

"Johan was 'n woordeman, en sy passie vir die Afrikaanse taal is duidelik uit die aantal akademiese publikasies en artikels, taalrubrieke, televisieprogramme en radiobydraes waaraan hy sy lewe gewy het. Hierdeur het hy nie net bewusmaking oor ons pragtige taal geskep nie, maar ook die taal help oorleef en groei."

Hoewel gaste vanjaar se gedenklesing vir die eerste keer weer in lewende lywe kon bywoon, het die pandemiespook steeds oor die aand gehang.

"Covid het ons alledaagse lewe ontwig. Aanvanklik was vrees die grootste uitdaging. Nou, in die eerste treë na 'n postpandemie tydperk, is die vrees minder, maar die uitdagings selfs meer en groter as voor die pandemie," het Le Roux gesê.





Marlene le Roux, Elizabeth en Wienand Combrink, Louise Combrink, Herman Combrink en Erla Celliers.

“Armoede en werkloosheid het toegeneem, en ons gaan nog lank moet saamleef met die fisieke, finansiële en emosionele gevolge van die pandemie, streng inperkings en die ‘nuwe normaal’.”

Sy sê die pandemie het almal gedwing om te innoveer net om te kan oorleef. By Kunstekaap moes hulle byvoorbeeld maniere vind om ballet, orkes, opera, Jazzart en die Unmute-fee te laat voortgaan. Die kunstenaars moes oefen en optree, want dit was hulle inkomste.

Weens finansiële ondersteuning en digitale media het hulle daarin geslaag om te oorleef en steeds optredes en konserte uit te saai.

In haar lesing het Le Roux ook verwys na die Kunstekaap-gebou wat verlede jaar 50 jaar oud was en die transformasie wat sy voor haar daar sien ontvou het.

Die gebou is in 1971 ingewy as die slegs-vir-blankes Nico Malan-teater, maar is in 1975 vir alle rasse oopgestel. In die afgelope vyf dekades, waartydens Suid-Afrika onder meer ook ’n kultuurboikot beleef het, het die gebou ’n ruimte geword vir talent in alle genres en tale.

“Nou kan ons terugkyk op hierdie lang reis en glimlag.”

Die punt wat sy wou tuisbring, is dat daar deur mekaar se hande te neem ’n werkbare en sigbare verskil gemaak kan word.

“Die uitvoerende kunste loop hand aan hand met opvoeding, en dit voed die siel en gees. Meer nog: Dit skep hoop, veral in moeilike tye,” het sy gesê.

As voorbeeld het sy vertel hoe mense soos Adam

Small en ander se werk vandag steeds mense bemoedig, inspireer en hoop gee.

Net soos Johan Combrink het Small ’n groot bydrae tot Afrikaans gelewer. In sy gedig “Trap der bruin jeugd” skryf Small:

***As ’n klein kind nog, wis ek
ek was Afrikaans in my hele wese,
of soos ons padlangs sê,
in murg en been.
Ek het reeds besef ek is
vir hierdie taal geleen
en sou myself beskikbaar maak.
Tóé al het ek besluit ek sou
die hoogste sport
in hierdie taal bereik, en nou,
in my ouderdom kan ek tevrede voel
versoen deur die gedagte:
ek het daardie belofte aan myself
gestand gedoen.
Verder in die gedig skryf hy:
Nou, ná jare en jare, veertig jaar,
eintlik ’n halwe eeu, het ek
vir myself die Lig gevind, en daardie
klein bruin kind se Wil vervul:
hom ingebind in Afrikaans vir altyd.***

Small het volgens Le Roux meer gedoen as om bewustheid te skep en standpunt in te neem deur sy skryfwerk. Hy het geweet hulpverlening moet ook bemagtig. Bemagtiging moet gerig wees op ’n geheelperspektief waar maatskaplike, ekonomiese en kulturele ontwikkeling geïntegreer is, en dit kan nie

sonder die inagneming van politiek beskou word nie, het sy gesê.

Dit bied volgens haar die buitelyne van 'n roetekaart vir die uitdagings wat wag op die postpandemie pad.

Sy sê die kunste bied 'n ideale platform om politieke grense te oorbrug en mense en gemeenskappe aan mekaar te bind.

"Dit spreek die brutaliteit van die verlede sowel as die uitdaging van die hede aan, en skep die geleentheid om te droom ten spyte van 'n onseker toekoms. Die kunste gee mense die geleentheid om te ontsnap van die harde werklikheid. Dit inspireer en verdiep. Wanneer ons 'n loflied sing in 'n koor, hoor en ervaar ons die harmonie van klank. Daar is geen politieke agenda nie.

"Deur verskeie projekte en jeuguitreik-inisiatiewe het ons – deur mekaar se hande te neem – 'n werkbare en sigbare verskil gemaak. Die uitvoerende kunste loop hand aan hand met opvoeding, en dit voed die siel en gees. Meer nog: Dit skep hoop, veral in moeilike tye."

En dit is volgens Marlene le Roux die Suid-Afrika waarna ons streef. 'n Suid-Afrika waarin elkeen 'n geleentheid sal kry om hulself en hul identiteit te ontdek.

In hierdie strewe na groter menswaardigheid het Afrikaans volgens haar onskatbare waarde bygedra tot die groter Suid-Afrikaanse samelewing.

"Waardesisteme word in ons alledaagse kultuurbeoefening bevorder deur ons daadwerklike bydrae tot en in die kunste. Afrikaans staan sy plek vol in Suid-Afrika, en is nie vasgevang in die verlede nie. Die taal bly groei en dra ruim by tot ons land."



Chareldine van der Merwe: Projekbestuurder: Vriende van Afrikaans, Marlene le Roux, uitvoerende hoof: Kunstekaap en voorsitter van die ATKV-MSW-direksie en Shireen Crotz: projekorganiseerder van Vriende van Afrikaans.

ONS VERWELKOM 'N NUWE KOLLEGA!

Die Vriende Van Afrikaans het 2022 se werksaamhede afgeskop met 'n radio onderhoud by Radio Kaapse Kansel, (AM729).

Projekbestuurder, Chareldine van der Merwe, en die nuwe kollega, Shireen Crotz, het gesels oor die VVA se opwindende projekte waarmee hulle besig gaan wees in die volgende paar weke. Ons moedig almal aan om gerus elke Dinsdagmiddag om 14:00 in te skakel op Radio Kaapse Kansel waar ons stories voorlees en gesels oor die projekte van die VVA.

Ons verwelkom ook ons nuwe kollega! Shireen, mag jy baie gelukkig by die ATKV wees. Shireen is aangestel as die projekorganiseerder by die VVA.



Links: Chareldine van der Merwe en Shireen Crotz by Radio Kaapse Kansel; Regs: Tydens die onderhoud op radio.



Ons kuier by die AbbAsorgsentrum in Cloetesville



As deel van die VVA se voorleesprojek in samewerking met die US Taalsentrum het Shireen en Chareldine gaan stories voorlees by die AbbAsorgsentrum in Cloetesville. Dié sentrum is een van vyf ATKV-AbbAsorgsentrums.

Die ATKV se sosiaal-maatskaplike verantwoordelikhedprogram, AbbAsorg, help om vir 'n kind vlerke te gee. AbbAsorgsentrums regoor die land doen daaglik wonderlike werk onder kinders en het ten doel om 'n veilige omgewing te skep waar kinders gehalteopvoeding en -versorging kan ontvang. Daar is tans vyf AbbAsorgsentrums.

Aan die Woord: Hoopsig 2022



Woorde het verlede week 3 Februarie 2022 weer wêreld oopgemaak toe Hoopsig se kinders hul eie klein woordfees by die Koelkamers op Paternoster aangebied het. Die geleentheid: viering van Wêreld Hardopleesdag en die bekendstelling van die kinders se eie koerantjie, die *Pato Times*.

Studentevrywilliger, Lisa Ruiders, en haar redaksie het trots die gedrukte weergawe van die *Pato Times* bekendgestel en vertel wat dit vir hulle beteken het om daaraan te werk. Hoopsig se projekbestuurder, Shemoné Bokhary, het groot lof vir die kinders se professionaliteit en toewyding uitgespreek. En toe word daar hardop geles – deur die kinders self en deur die gas, prof. Lizette Rabe, voorsitter van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, wat uit haar besonderse kinderboek *Blou feetjie* voorgelees en daaroor gepraat het. Chareldine van der Merwe, van die ATKV se Vriende van Afrikaans, en Theresa Sass, SBM se bestuurder van biblioteekdienste, het hul steun aan die geleentheid kom betoon, en Serenity Bokhary van Vredenburg Hoërskool het 'n sangbydrae gelewer. Woorde het weer eens gewen!

Artikel geskryf deur Joan Kruger (Hoopsig Sentrum, Paternoster).





Die skoolhoof mnr Desmond Engebrecht saam met Chareldine, opvoeders en leerders van False Bay Primêr.



Personeel van Oklahomastraat Primêr.

Wêreld Hardopleesdag



Hierdie jaar was Wêreld Hardopleesdag op 2 Februarie gevier. Die Vriende Van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, het as deel van dié dag 'n voorleeswerkswinkel by Oklahomastraat Primêr in Macassar aangebied om klem te lê op die lekkerte van lees.

Dokka Swart van die Doen-en Leer het met 'n graad 1-leerder demonstreer hoe 'n mens 'n kind leer lees. Ons het ook twee boektrommels oorhandig aan Oklahomastraat- en False Bay Primêr. Die skenking is moontlik gemaak deur professor Carel Jansen en vriende uit Nederland. Deur hierdie skenking help ons verseker dat kinders toegang het tot geskikte en lekker leesboeke. Tydens die oorhandiging was daar vir die leerders voorgelees en met hulle oor die waarde van lees en boeke gesels.



Die leeshoekie by False Bay Primêr.

Werkswinkels en opleidingsessies in George aangebied

Vanaf 24-26 Januarie 2022 het die Vriende van Afrikaans baie suksesvolle projekte in George aangebied. Hierdie werkswinkels en opleidingsessies was aangebied in samewerking met Dokka Swart (Doen en Leer) en die ATKV-tak Sommer Net Ons.

Chareldine van der Merwe en Shireen Crotz van die VVA was deel van die program om die waarde van lees te beklemtoon.

(Vervolg op bladsy 6)



Dokka demonstreer hoe jy 'n leerder leer lees.



Op 25 Januarie is 'n voorleeswerkswinkel vir vier-en-twintig grondslagfase-opvoeders van George Pre-Primêr aangebied by Sorteria Kerk in George. Tesame met die werkswinkel het die skool ook 'n boektrommel ontvang. Die skoolhoof, juffrou Regina Koekemoer en opvoeders het hul dank betuig teenoor die ATKV vir die bydrae om lees by hul skool te bevorder.



Hier ontvang George Pre-Primêr hul boektrommel.



Doen en Leer-opleiding vir die ATKV-tak: Sommer Net Ons.

BRIEWE



21 Februarie 2022


Beste Vriende Van Afrikaans

Baie dankie vir die geleentheid om die 18 de Johan Combrink gedenklesing te kon lewer. My hart is diep geraak deur die persoonlike ontmoeting met Dr. Combrink en haar gesin. Wat 'n besonderse geleentheid om binne ons groter Afrikaanse gemeenskap en 'n gehoor van uitnemendheid te kon praat. Hoe wonderlik was dit nie om die interaksie en vrymoedigheid van elkeen te kon beleef nie. So lekker om te weet ons is almal gefokus op die toekoms van Afrikaans in al haar fasette.

'n Spesiale woord van dank aan Chareldine van der Merwe en Shireen Crotz van die Vriende Van Afrikaans.

Dit is so belangrik dat ons as Artscape hande vat met die Vriende Van Afrikaans. Saam bou ons 'n beter toekoms vir ons jeug in ons land Suid-Afrika.

Vele dank ook aan Mercia Eksteen van die ATKV en Celesté Reynolds van Artscape.



Vriendelike groete
Marlene le Roux



P O BOX 4187 • CAPE TOWN • SOUTH AFRICA • D.F. MALAN ST • CAPE TOWN • TEL: 021 410 9800 • FAX: 021 421 5448 • E-MAIL: artscape@artscape.co.za • WWW.ARTSCAPE.CO.ZA

Beste Chareldine

Baie dankie vir die Doendinge. Dis baie interessant. Ek is baie bly my kinders en kleinkinders se boeke is nou by 'n skool om ander kinders te help. Baie dankie.

Mooi bly, veilig bly. Geseënde Kerstyd.

Louise Combrink

Dagsê Chareldine

Andermaal baie dankie vir die kykie in die wonderlike wat julle help gebeur. Mag die kinders blom!!

Theo Winckler

Pragtige goeters wat julle verrig. Dit was 'n genot om van al die dinge te verneem.

Groete Jacques van der Elst

Beste Chareldine

Baie dankie vir n lekker jaar. Julle liefde en omgee vir die Weskus se kinders en opvoeders beteken vir my ongelooflik baie.

Seënwense vir 2022!

Groete

Shemoné Bokhary

Hoopsig Sentrum Paternoster

Goeiedag Chareldine

Baie dankie dat jy die nuusbrieff so getrou vir ons stuur.

Baie groete.

**Erika van Staden en al die Strand
biblioteekpersoneel**

VERSPREI GERUS DIE NUUSBRIEF

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Chareldine van der Merwe**

Assistentredakteur: **Mandie Ehlers**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22

Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Kooppinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.